

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD

TERUG SKOOL TOE VIR BRONNIES



Die Bronnies is opgewonde om terug te wees by die skool en hoewel dit 'n uitdagende jaar gaan wees om grensdeltyd-regulasies in plek te hou, kan mens darem net vir só lank vakansie hou.

Op die foto is Graad 6A leerders van Hoërskool Heilbron, Chenel Els en Tertius Roux, wat nie net uitgesien het om na die lang wag terug te keer klaskamer toe en aan die gang te kom met hul studies Maandag nie, maar hulle is ook opgewonde om hul vriende weer te sien! Die onderwysers was ook bly om die leerders terug te verwelkom. Baie van hulle het reeds sedert einde Januarie voorbereiding begin doen. Verskeie ouers is van mening dat

hul kan sien hul kinders het nodig om terug te keer skool toe en is ook dankbaar dat hul kinders weer in roetine kan kom.

Heilbron Herald wens alle skoliere voorspoed toe vir die nuwe akademiese jaar wat voorlê.

Foto erkenning: Tanya van Rooyen





FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE

Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff : 083 210 7135
Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058 813 1071
E-pos: frankfort@bkbblouw.co.za
www.bkb.co.za
Reg. No: 2009/026173/07



*Waar sake elke keer,
die eerste keer reg gedoen word!*



UIT DIE PEN

Liewe Oom Swielie

Ek sien oom is regtig nie dom nie. Oom was al op 26 'n regte egte dokter en het in 'n hospitaal gewerk en als. Oom weet baie van gesondheid en finansies en ekonomie. In elk geval baie meer as ek. Oom was selfs al die baas van 'n provinsie. Well done, Oom!

Maar daar is iets waarmee ek vir Oom kan help. Dit gaan oor hoe om die inentingsding te organiseer. Dis nou vir die groepie mense wat nie dink dat jy van plan is om Bill Gates se WhatsApp mikroskyfie in ons bloedstroom te spuit nie. Noudat ek daaraan dink: dit sal my baie beter pas, want ek verlê my selfoon kort-kort. Dit gaan my lewe baie beter maak.

Iedergeval. Ek lees op Independent Online dat daar alreeds sowat 93,3 miljoen dosisse entstof in 62 lande toegedien is. Klaar. Finito. Hier in Suid-Afrika sukkel ons nog om te besluit watter ding vir wie ingespuut moet word.

So het Oom en die Span met groot fanfare die Oxford

AstraZeneca inentings in ontvangs geneem. Dit nou terwyl die ooms by Tesourie nog gekibbel het oor hoe dit betaal gaan word. Amper soos die Bybelse Psalm: Ons slaat ons oë op na die inenting, maar waar sal die geld vandaankom?

Ek weet nie of oom Swielie BusinessTech lees nie. Dis 'n webwerf met interessante artikels oor geldsake. Ek is nou nie groot op begrotings en allerhande goeters nie (my goeie man sê ek werk met 'n target en nie met 'n budget nie), maar ek weet ten minste 'n paar goed sodat ek net-net gevaarlik genoeg is. In 'n artikel wat op 26 Julie 2020 gepubliseer is, lees ek dat daar tot R 2,2 miljard se bedrog gepleeg is met al die COVID-preneurs. Net in onse land. Dit nou die mense wat al die maskertjies en ontsmettingsmiddels vir die staat moes lewer. Want sien, oom Swielie, almal wat mos asem en hare het, het ewe skielik in een of ander maatskappy ontpop wat alles, vanaf 'n mombakkies tot 'n harige spinnekop, kon voorsien. Nevermind of hulle dit al ooit voorheen gedoen het.

So het hierdie COVID-preneurs sakke vol geld gemaak, want alles is toe mos nou duurder as wat dit sou wees, want as dit pap reën, dan moet jy skep. Of hierdie beker gaan by jou verby en iemand anders skep.

Volgens hierdie artikel was daar bedrog by die WVF. Ek weet, want die vriendelike vrou wat een keer per week ons klere stryk en kom skoonmaak, is by die ander vierdae-per-week se werkgewer afgedank met die inperking. Sy kon nie by die WVF gaan eis nie want sy kwalifiseer blykbaar nie. Maar, hoor ek die ander dag, daar was letterlik duisende staatsamptenare wat suksesvol kon eis. Nou hoe op aarde, oom Swielie?

WEEK SEWE VAN 2021

Die joernalis het vir Oom Sirrel Ramaphosa aangehaal dat hy gesê het dat hierdie sake soos in dadelik ondersoek en die geld teruggekry gaan word. Hier is die ding, oom Swielie: as oom Sir nou al teen Julie 2020 besluit het dat hierdie geld teruggekry gaan word, en dis nou ses maande later, moes daar mos nou al geld gewees het om vir die inentings te betaal. Dan hoef die belastingbetalers, wat anyway vir alles in hierdie land moet betaal, nie nog meer belasting betaal nie omdat een of ander haasneus die geld gesteel het wat vir Bill Gates se goeters moes betaal.

Sien, daai een kan ek nie lekker verstaan nie.

Oom sien, ek is nou nie vreeslik gekwalifiseerd nie. Ek het darem 'n ou graadje en 'n paar diplomas en klomp ondervinding. Ek het al met baie mense gewerk, en ek het al met een-een mens gewerk. Ek weet min of meer wat werk en wat nie. En ek weet min of meer wie werk en wie nie.

Laasgenoemde is nogal belangrik.

Goed, as ons nou die regte entstof het, kan oom Swielie mos nou net elke hospitaal bel. Of oom kan vir oom se Personal Assistant sê om dit te doen. Kom ons veronderstel oom beginne met die staatshospitale: ek is seker die superintendent van die hospitaal het 'n lys van al die werkers. Nou: die eerste lot word ingeënt wanneer hulle van diens af kom, net voordat hulle huis toe gaan. Sommer so in die ry. Wanneer die volgende lot van diens af kom, kry hulle van Bill Gates se moetie and Bob is your uncle. Dan kan julle ook

sommer check wie die spookwerkers is. Slim, nê? Dieselfde by die privaathospitale: spuit vir hulle, skof vir skof.

Smaak vir my dit is nie so maklik nie, want ek lees die ander dag dat daar nou weer van ander besighede gebruik gemaak gaan word om die mense in te ent. Ag, nee, hoeveel keer wil julle dieselfde les oor en oor leer? Die probleem is: julle leer nie.

Kom ek gee jou 'n brief met 'n polisietjap op: daai kite gaan nie vlieg nie. Julle gaan ons weer, oor 'n jaar, vertel hoeveel bedrog daar was. En oom Swielie, ek vertrou nie elke Jan Rap en sy maat om my in te spuit nie. Wat as hulle nie weet hoe om die entstof veilig te bewaar nie? Nee, hoe gril ek nou!

Ek het oor die spuitstof gedink, oom Swielie. Dit help nou nie ons gooi al daai geld (waarvoor ek via SARS moet betaal) in die water nie. Ent nou sommer die mense daarmee in. Ek meen: wat is die kans dat die hele Suid-Afrika die V2 weergawe van die virus gaan kry? Terwyl hulle wag dat die virus hulle moet oorval, probeer hulle solank teen die gewone ou virussie immuun maak.

Maar oom Swielie, dit lyk vir my dat ek nie dink soos julle dink nie. Ek weet nou net nie hoe ek hierdie brief by jou gaan kry nie. Ek dink ek sal dit sommer vanmiddag moet gaan aflewer by die Uniegebou.

Vir aandag: Oom Dokter Swielie Mkhize. Minister van Gesondheid.

KENNISGEWINGS

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of

Deed of Transfer T8486/2012

Passed by: **ANNELIZE RAUTENBACH**,

Identity Number 670307 0099 083

In favour of: **ISABELLA MAGDALENA MATTHEE**,

Identity Number **431105 0023 08 1**,

Married out of community of property In respect of: **ERF 513 HEILBRON, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE** which has been lost or destroyed. All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at 85 Nelson Mandela Drive, Bloemfontein within two weeks after the date of the publication of this notice.

Applicant: WILHELMUS BURGER

Address: **HELMUT BURGER PROKUREURS, 18 KERK STREET, FRANKFORT, Ref EC0022**

Email address: **helmut@lantic.net**

Contact number: **058 813 4006**

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer T10231/2018**

Passed by: **THE EXECUTRIX ESTATE LATE GERRIT JOHANNES JACOBUS VISSER, ESTATE NUMBER 1780/2010** In favour of: **NATASJA LIEBENBERG, IDENTITY No 840204 0070 08 8;**

Married out of community of Property In respect of: **PORTION 2 OF ERF 386 FRANKFORT, DISTRICT FRANKFORT, PROVINCE FREE STATE** which has been lost or destroyed. All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at 85 Nelson Mandela Drive, Bloemfontein within two weeks after the date of the publication of this notice.

Applicant: WILHELMUS BURGER

Address: **HELMUT BURGER PROKUREURS, 18 KERK STREET, FRANKFORT, Ref EV0034**

Email address: **helmut@lantic.net**

Contact number: **058 813 4006**

WEERVOORSPELLING

Sa. 20/2	16/32	Sonnig
So. 21/2	18/33	Sonnig
Ma. 22/2	17/24	62% kans vir donderbuie Bewolk
Di. 23/2	16/26	40% kans vir donderbuie
Wo. 24/2	18/28	40% kans vir donderbuie
Do. 25/2	16/27	40% kans vir donderbuie
Vr. 26/2	15/26	Sonnig
Sa. 27/2	15/26	56% kans vir oggendbuie
So. 28/02	15/25	Sonnig

BIBLIOTEEK OOP

Piercestraat 66 • Heilbron

Heilbron Biblioteek is **VYF DAE** per week oop vir die publiek en die tye is as volg:

MAANDAE TOT VRYDAE -

09:00 - 13:00 (Volwassenes) en

14:00 - 17:00 (Kinders)

Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag & openbare vakansiedae.



BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net).

Velde of wen-akkers.

Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.

Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of

Piet Meiring 082 571 4191

peerlandhandel@gmail.com

R

HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



Hugo Groenewald

082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!



TE HUUR

HEILBRON

ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.

Ingesluit volledige eetgerei,

stoof en 2 oonde,

gelisensieerde kroeg beskikbaar.

Hannalie Claassen 079 040 0531

BLOEDSKENK DATUMS



23 Maart

25 Mei

27 Julie

28 September

23 November

SMALLS EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON

Tel: 058 852 2041

Petro Meintjes 083 308 9159

WINKELURE

Maandae - Donderdae

07:30 tot 17:00

Vrydae: 07:30 tot 16:30

Saterdag: 08:30 tot 13:00



Elsstraat 44, Heilbron, 9650

Tel: 058 852 3033

DIENSTE



Andries Muller

072 447 7446

Vrystaat 23, Heilbron

Ou Heilbron

Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS

ALGEMENE DRAAIWERK

MEGANIESE


HERSTELWERK

AANKOOP VAN SPEENKALWERS

Aankoop van alle speenkalwers.

Kontak Jannie Bornman

072 287 4111 • Heilbron



BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.

Kontak Evert Kleynhans

072 018 3685 Heilbron

R

POSTNET HEILBRON

Maandae - Vrydae:

08:00 - 16:30

Saterdag:

09:00 - 12:00

Elsstraat 42

HEILBRON

Tel: 058 853 0006

GiG Technologies

• Alarm Systems • Web Development

• Computer Products • Internet Services

• Computer Repairs • CCTV Installations

Contact us for all your technical needs!

Adriaan: 072 840 4495 Estian: 074 279 6993

Email: info@gigtechnologies.co.za



www.jenny.co.za 087 170 0000

Illustration of a person using a laptop.

TOP PRESTEERDERS



Graad 4: Elzeri Combrink (97.75%);

Riette Steyn (97.25%); Lisa-Line Rheeder

(94.75%); Elsene vd Merwe (94.25%);

Derick Swanepoel (88.5%).



Graad 5: Gerrit du Plooy (91.83%);

Jeanette Victor (84% - afwesig); Lee

Ann Viviers (82.67%); Ernest Scepers

(82.33%); Amore Rochat (80.83%).



Graad 6: Noeline Gavin (88.50%);

Chenelle Els (87.33%); Lizelle Swanepoel

(82.17%); Rikus Bronkhorst (79.67%);

Sunelle Snyman (79.5%).



Graad 7: Adri Erasmus (87.5%); Franco

Rood (85.67%); Cariska J v Rensburg

(85%); Dihan J v Rensburg (83.67%);

Minette Els (82.5%).



Graad 8: Johanri Pretorius (86.44%);

André Viviers (85.89%); Carlie Rochat

(83.22%); Kayla Bosman (81.22%); Taylor

Ferreira (78.89%).




Graad 9: Michaela Grobler (87.67%);

Luzé Barnard (82.11%); Madaleen de Beer

(81.78%); Joanneke Els (80.56%); Motsilisi

Semela (79.67%).



Graad 10: Wessel Steyn (82.78%); Natalie

Naudé (79.67%); Nelius Meiring (79.44%);

Beanke Nagel (76.33%); Stean Lategan

(75.33%).



Graad 11: Jané Janse van Rensburg

(81.14%); Mbali Malindi (78.14%); Anica

Grobler (77.71%); Alden Peach (77%).

Chandré's
NAIL STUDIO

TOE GEL SPECIAL R60

Valid from 10 to 24 February. Book now to avoid disappointment

072 594 0725

Pharmacy & Clinic

PLATTELAND

Platteland Pharmacy is registered at

Discovery Vitality

Tests can be done at the clinic on Tuesdays and Thursdays

087 527 0723
063 721 4950

platteland@thelocalchoice.co.za

57 Wentworth Straat, Wentworth Square, Heilbron

JUNIORS SORG VIR OPWINDING

Die afgelope naweek is Noord-Vrystaat se dames mans uitspeelwedstryde by Bethlehem Rolbalkklub gehou.

Noord-Vrystaat rolbal bestaan uit die drie subdistrikte, naamlik Valsrivier, Goudveld en Riemland.

Die wenners en naaswenners van die onderskeie subdistrikte het teen mekaar meeding om te bepaal watter span die algehele kampioen van die drie subdistrikte is.

Heilbron Rolbalkklub is verteenwoordig deur Gerald Rademeyer en Brandt Janse van Rensburg, wenners van die Valsrivier kompetisie.

Die naweek het egter behoort aan

twee jong dametjies van Hennenman Rolbalkklub, Luanè du Plessis en Danika Swartz, onderskeidelik 13 en 14 jaar oud.

Hierdie twee juniors het geskiedenis gemaak deur die jongste spelers te word wat nog ooit hierdie kompetisie gewen het. Hulle oorwinning is nog meer merkwaardig as in ag geneem word dat hulle selfs 'n senior dame span wat al aan die Meesterstoernooi by Wingate Park deelgeneem het, met die kous oor die kop huis toe gestuur het. Die finaal teen Averil en Cheryl Downing was 'n absolute naelbyt-stryd en eindig uiteindelik in 'n "Sudden Death", wat gewen word deur hierdie twee briljante

juniors, wat aan hulle die kampioenskap titel besorg.

Hierdie twee juniors het 'n blink toekoms voor hulle en sal beslis fyn dopgehou word in die toekoms.

Vrydagaand 26 Februarie gaan daar weer dinge gebeur hier by Heilbron Rolbalkklub wanneer 'n aankompetisie aangebied word. Twaalf spanne van 4 elk gaan mekaar die stryd aansê, en teen slegs R80 per speler met 'n ete ingesluit, is dit 'n absolute "bargain". Kontak Hannalie by 079 040 0531 vir inskrywings.

Spesiale sitplek sal ook beskikbaar wees vir verlede jaar se Toeskouer van die toernooi, Neels Lues.

FUNKSIONELE TERAPEUT
PASTORALE BERADER
TRAUMA VERLEES GEMINSEERDING

KINDER-SEL TERAPEUT
TRAUMA VERLEES GEMINSEERDING

REMEDIERING
GRAAD R: GEREGEREERDE
SKOOLGEREEDHEIDSTOET

BEKIM S. MEEUWES (081 551 5511)



Averil en Cheryl en hul opponente in die finaal, die jonges Luanè en Danika.



YWERIGE BOOMPLANTERS

Die Voortrekkers van Heilbron is weer in volle vaart en met die skole se heropening op Maandag 15 Februarie 2021, het Heilbron Vories ook afgeskop. Hulle het die dag spandeer om bome te plant vir die 100-jarige herdenking van die stigting van die eerste Voortrekker Kommando in Suid-Afrika. Twee bome is deur AfriForum geskenk en twee witstinkhoutbome is deur Fraaihuis Kwekery geskenk. Een van elk is Maandag op die Heilbron Voortrekker-terrein geplant en die ander sal op 'n latere stadium geplant word. Danie Knoetze verteenwoordig AfriForum tydens die boomplanterij en elke Voortrekker kind is ook die geleentheid gegee om grond in die gat te gooi. Die kinders is daarna in spanne opgedeel om aan 'n skattejag deel te neem. By die Voortrekkers leer kinders van Kultuur, Avontuur en Natuur, en met al die Covid-19 maatreëls wat streng gevolg word kan jy seker wees van jou kind se veiligheid, terwyl hulle die ongelooflike ervaring van Voortrekker-wees kan ervaar. Hulle is ook trots op die Tolbossiespan waar aktiwiteite vir 4-5 jarige kinders aangebied word. Ten spyte van onsekerhede wat dalk nog in die jaar voorlê, pak die Voortrekkers die jaar met 'n positiewe houding aan.

MARI WAPENNAAR OORLEDE

Alida Els se enigste suster, Mari Wapenaar. 'n Klein vrouwtjie maar 'n dinamiese mens. Altyd hulpvaardig, hardwerkend met 'n groot vriendekring. Op 80 jarige ouderdom is Mari op Donderdag 11 Februarie op Reitz oorlede. Sy het 'n kort siekbed van bykans 2 maande gehad. Mari en Alida het 9 jaar verskil. Sy het op Petrus Steyn gematrikuleer, op Stellenbosch haar BA graad met Naaldwerk en Huishoudkunde as hoofvakke verwerf. Sy het op Tweespruit Huishoudskool begin onderwys gee, daarna op Vrede, Kroonstad Blousskool en Voortrekker Bethlehem. By laasgenoemde skool het sy vir haar kleinsus Alida in matriek klas gegee. Mari is getroud met Kerneels Wapenaar en het boervrou

geword. Hulle het op Middelpaas Reitz gewoon, waar haar twee seuns Herlu en Hansie gebore is. Op 38 jarige ouderdom het sy in 1978 vir Kerneels aan die dood verloor. Sy het agtergebly met 2 minderjarige kinders van 9 en 7 jaar. Niks het haar egter ondergekry nie en sy het aangegaan met die boerdery en dit suksesvol bedryf. Sy het volkome by die VLU tak van Reitz ingeskakel en is in 2019 aangewys as die algehele wener van die Reitz tak. Mari laat agter haar swaer en suster Jannie en Alida Els, seun Herlu, Sonita en twee kinders in New Zealand, asook Hansie, Heidi en 'n seun en 'n dogter op die familieplaas in Reitz. Ek sluit af met Spreuke 31 wat so sprekend is van Mari: 'n Knap vrou is baie werd, baie meer as

edelstene. Sy pak die werk aan met krag, haar hande staan vir niks verkeerd nie. Alles aan haar spreek van 'n sterk en edel persoonlikheid. As sy praat is dit met wysheid, as sy leiding gee is dit met liefde. Daar is baie knap vrouens, maar sy het almal oortref. Mari Wapenaar ek sal eer jou.

- Quarta Pretorius



Mari Wapenaar en Alida Els

LEONARD CRAUSE WORD TE RUSTE GELE

Vir Leonard ken ek lank, baie lank - nie net in persoon nie, maar ook via sy skoonseun Andries Els, seun van my broer, Jannie Els, sy enigste suster, Ronel Venter, waar ons vir lank mede-lidmaat was van dieselfde gemeente, asook sy broer Chris, 'n direkteur op Vegkop. Hy sien ongeveer 66 jaar gelede die eerste lewenslig, gebore as die middelste seun van die baie bekende en geliefde oom Koos en Tannie Joyce Crause.

In Heilbron en die gemeenskap het hy baie diep spore getrap en is hy wyd en alombekend en bemind as die man met die kenmerkende diep stem en lang baard. Hy is getroud met die sagte Mari en saam het hulle twee kinders. 'n Pragtige dogter, getroud met Andries Els, en 'n talentvolle seun, die sanger JayCee - hierdie twee

besondere kinders, saam met Marize (Poenie) en Andries se beeldskone twee dogters, was Leonard se trots. Breëbors en poupronk was hy as hy oor hulle gesels het. Net so 'n yster was waarmee Leonard die lewe gesmee het, net so het sy hart vermurwe tot spons as dit by Mari en sy familie gekom het. Baie kan oor Leonard gesê word, maar vergun my om 'n kort huldeblyk af te sluit in gedigformaat, wat ek vervolgens opsom en weergee: "Die Italianers se woorde van formidabele persone is "amico che impressiona" wat beteken - iemand wat beïndruk, iemand wat jou aanraak, iemand waarop jy kan reken. Leonard se lewe en soos hy gelewe het, kan ons daarmee assosieer en vereenselwig. Al het die lewe en omstandighede hom

'n paar keer van moedeloosheid laat sug. 'n Plaashuis en inhoud totaal verwoes tot niks - tot as - as gevolg van 'n verwoestende brand. Gesondheid - Parkinsons - met die nadelige gevolge, was ook nie altyd aan sy kant. Ondanks dit het hy staande gebly, gewerk en dinamies voortgegaan en aangehou. Steeds met 'n geselsie, 'n grappie, trots sy kinders en kleinkinders se suksesse aanskou. Skertsend, dog ferm, medelewend - aanhouer wen - elke dag die lewe geveg ... tot op tragiese wyse op 12 Februarie 2021 eindig sy aardse en lewensweg. Leonard, jou spore sal sonder vergeet, in ons gemeenskap bly voortspeel, maar jy is verseker op 'n beter plek, met baie vrede, baie vreugde en baie goed."

- Quarta Pretorius



HEILBRON VEILING GPS: S27°12.389' E28°04.546'

46 Jaar

WESDAN

In opdrag van Wesdan Boerdery word die volgende te koop aangebied op **Woensdag, 24 Februarie 2021** om 11:00 te plaas Canossa, Heilbron

Louise DOHNE MERINO STOET

PRODUKSIEVEILING

Veiling vind plaas onder streng Covid-19 veiligheidsmaatreëls. Slegs kopers word toegelaat dag van veiling.

46 Jaar se Uitstekende Teling en Genetika

575 Uitstekende Bonsmara beeste

30 Koeie met 30 kalwers (moontlik 3-in-1)
50 Koeie (dragtig)
25 Verse (dragtig; 2018)
40 Verse (dragtig)
100 Verskalwers
300 Bulkalwers.

NOTA: Top Bonsmara boerbeeste. Dragtigheidsstatus en katalogus inligting sal dag van veiling beskikbaar wees.

Die kalwers is almal gespruit vir long en lugweg sowel as sponse siekte. Hulle word gespeen 25/01/2021 so hulle sal droog en aangepas wees vir die voerkraal. Ons kalwers behaal goeie resultate in die voerkraal. Ons voer al vir geruime jare by Serick voerkraal en slag by Country meat abattoir op Kroonstad. Die vorige somer kalwers wat in die winter gevoer was se resultate met 500 kalwers wat gevoer was. Uitslag 1% oort die osse en verse was 62%. Die gem. Groei per dag was osse: 2.1kg en verse 1.9kg met 0% mortaliteit.

300 Uitstekende Dohne Merino skape

50 Ramme (A en AA ramme)
250 Jong ooie (kommersieel; dragtig; 2 tand tot 6 tand; 6 maande wol).

NOTA: Alle skape geënt 10-in-1, Multi Somni, Cydectin LA, Protex Yellow, Bloutong A, B en C apart. Dragtigheidsstatus en katalogus inligting sal dag van veiling beskikbaar wees. Onder beskerming van die Dohne Merino Telersgenootskap.

Bewys van Top Wol

NAVRAE: Bertus Linde 079 675 1718, Piet Boshoff 083 219 1139, Darius de Wit 083 219 1139, Alida van der Merwe 083 219 1139, RKB Louw 083 219 1139. Vir volledige besonderhede, katalogus en voorwaarde besoek gerus ons webtuiste: **www.rkb.co.za**

NELLIE IS TERUG OP DIE PODIUM

Dis lekker om met 'n vleisprys by die huis aan te kom en vroulied te verras. Daarvoor moet jy uithaal en wys op die baan. Johan Nelson het Saterdag se kompetisie gewen met 39 punte. Hy het sy drywer in die skoonveld gehou en die vrugte gepluk. John Watson, wat tweede was met 36 punte, het ook met 'n vleisprys huis toe gegaan.

Junior gholf word weer aangespreek en die bestuur voel dat dit hierdie jaar prioriteit moet geniet aangesien Covid-19 deelname aan groepsport bemoeilik. Paul Grimbeek van Hoërskool Heilbron het ingestem om juniors een keer per week te help met afrigting en juniors wat belangstel kan Suzilda skakel vir meer inligting by 076 672 0444.

Vir hierdie doel word gevra vir skenking van ou gholfstokke wat in onbruik is.

Ledegelde is betaalbaar voor die einde Februarie. Die klubkampioenskap word op 6 Maart aangebied oor 36 putjies en seniors en dames oor 18 putjies. Môre is gewone spel om 11:00.



Eben Stander (Klubkaptein) en Johan Nelson.

Fezile Dabi District Covid-19 Cases per Town 15 Febr. 2021

METSIMAHOLO	Sasolburg	3128	3590
	Deneysville	367	
	Oranjeville	95	
MOQHAKA	Kroonstad	3076	3527
	Villjoenskroon	381	
	Steynsrus	70	
NGWATHE	Parys	945	2412
	Heilbron	767	
	Koppies	503	
	Edenville	66	
	Vrededorp	131	
MAFUBE	Frankfort	604	962
	Villiers	184	
	Cornelia	35	
	Tweeling	139	
Total FD 10 491			

F.T.C.

FOR ALL TRUCK, CAR & TRAILER PARTS & REPAIRS

Villiers Avenue 12 • Frankfort • 9830

www.ftcfrankfort.com

BRAKES & CLUTCHES

HYDRAULIC HOSE ASSEMBLIES

Willem : 072 647 1074

Ruan : 072 176 4206

Thinus : 079 544 8096

Parts : 072 684 3861

Landline : 058 813 1206

Email : fctfrankfort@gmail.com

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak Silma Petzer kantoorure 058 852 3033.

BKB Louwid

Die komende week se BELANGRIKSTE veilinge

MAANDAG - 22 FEBRUARIE 2021

ARLINGTON Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

DINSdag - 23 FEBRUARIE 2021

VEREENIGING Weeklikse veiling
Francois Duminy 082 528 1899.

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudy vd Westhuizen 079 418 4289

VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

HARRISMITH: FERRERO BONSMARA
Produktsieveling
11:00, Grootdraai, Harrismith
Kontak John Campher 072 202 0160

WOENSDAG - 24 FEBRUARIE 2021

REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Sakkie v Rensburg 082 562 0937

MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369

BLOEKOMSPRUIT Twee-maandelikse veiling.
Kontak Rudy Nagel 082 905 6066

HEILBRON: WESDAN BOERDERY
& LOUISE DOHNE MERINO
Bonsmara beeste & Dohne Merino skape
11:00, Canossa, Heilbron
Kontak Bertus Linde 079 679 1718

DONDERDAG - 25 FEBRUARIE 2021

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Bertus Linde 079 679 1718

KROONSTAD veiling
Kontak Rudy vd Westhuizen 079 418 4289

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668

FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

VRYDAG - 26 FEBRUARIE 2021

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539



www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbilouwid.co.za

DIE BESTE BOED

BESTUURDER

P.J. Müller
016 965 9341

AFSLAER

Ian Grobelaar
068 965 6207

Frankfort/Rooibos/Cornelia

Corjan de Jager
079 506 8777

Frankfort/Cornelia/Oranjeville/Rooibos

Fanie vd Merwe
082 404 3127

Tweeling/Reitz/Petrus Steyn/Hanidort

David Gerber
082 410 7424

Villiers/Cornelia/Grootvlei

Fanie vd Merwe (Junior)
061 100 5412

Villiers/Cornelia/Grootvlei

Peta Gilleman
082 788 5338

Heilbron/Edenville/Oranjeville

Ivan Groenewald
082 669 1706

JJ HADEBESTRAAT 97
FRANKFORT
(Langs Bright Dienste)